# Etiek in Navorsing: ’n Voorgestelde Raamwerk vir Waardegedrewe Navorsing

***Prof. L.O.K. Lategan***
*Dekaan: Navorsing en Ontwikkeling*
*Sentrale Universiteit vir Tegnologie*
*Privaatsak X20539*
*BLOEMFONTEIN*
*9300*
*Suid-Afrika*

*llategan@cut.ac.za*

**Synopsis**
*In this article a framework for value-driven research is proposed. The research is based on a qualitative research approach seen from a reformational perspective. This framework has essentialy four compoments: the ethical knowledge framework and paradigm, the context, the ethical analysis and judgements and the outcome and measurement of the impact of the decisions on the ethics of a research activity. Each part of the framework follows on the previous component. This framework is based upon the assumption that no research should be without an ethical framework. In addition, the need for a value-driven approach to research is demanded by four developments: the economic value of knowledge, new developments in biotechnology, intellectual property and career-professional standards. Examples are taken from theological ethics.*

## 1. Terreinverkenning: etiek in navorsing

Etiek in navorsing is nie ’n nuwe onderwerp nie. In die Suid-Afrikaanse konteks verwys onder andere Mouton (2001), Strydom (2005), Lues en Lategan (2006) en Van Niekerk (2006) daarna. Hierdie outeurs laat die klem op sake soos die (vertroulike) hantering van inligting, ingeligte toestemming, besluitneming, intellektuele eiendom, kopiéreg, privaatheid van die individu, respek vir die persoon en navorsingsobjek val. Verder

word die gedragsreëls betrokke by die uitvoering van navorsing ook geopper. Die klassieke etiese onderskeid tussen goed en kwaad (in terme van gedrag) word ook hier aan die orde gestel.

Internasionaal verskil die aksent nie veel oor die onderwerpe van die etiek van navorsing nie. Le Voi (2002) onderskei tussen verantwoordelikhede (sake soos akademiese integriteit, vertroulikheid), regte (sake soos intellekteuele eiendom en kopiéreg) en etiek (wat afhanklik is van die aard van die navorsing en ook die navorsingstegnieke en -instrumente wat gebruik sal word). Kumar (2005:211) lê klem op etiek as beginsel vir optrede. Dit word aan 'n etiese gedragskode verbind. Die bepaalde professie se etiese kode speel hierop in. Gemeenskaplike gedrag wat deur beroepe vereis word, sluit in respek vir mense, vertroulikheid, die korrekte gebruik van inligting en om nie bevooroordeeld te wees nie.

Etiek in navorsing is ook nie beperk net tot handboeke oor navorsing nie. Die bedoeling is dat etiek prakties uitgeleef moet word. Twee voorbeelde kan hier genoem word. Die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad het verskeie dokumente beskikbaar wat rigtinggewend vir navorsing in die mediese wetenskappe is. Dit sluit sake soos die monitering van die uitvoering van navorsing, etiese beleidsrigtings, die rol van navorsingsetiek komitees, ens. in. Die Australian National Health and Medical Research Council, die Australian Research Council en die Australian Vice-Chancellor's Committee is tans besig (nou nog in konsepformaat) met 'n kode vir "responsible conduct of research". Navorsing is die verantwoordelikheid van die instelling en die individu. Die instelling behoort verantwoordelikheid te neem vir sake soos bestuur en beheer, opleiding en mentorskap. Die individu se verantwoordelikheid sluit in sake soos die nakom van etiese gedragskodes, respek vir navorsingsgenote en die rapportering van etiese wangedrag. Die formulering van etiese gedragskodes en reëls in beleid moet as prioriteit gesien word. Daar kan dus met reg beweer word dat "Research ethics policy is a key priority for institutions around the world" (Roberts, 2006a:21).

Hoewel etiek *in* navorsing in die verlede hoofsaaklik gefokus het op die werksaamhede van 'n etiese komitee wat aandag aan navorsing op mense en menslike weefsel gegee het (sien bv. South African Medical Research Council) is daar 'n groeiende bewuswording dat etiek in navorsing véél verder strek as net die mediese domein. Binne die navorsingsomgewing is etiese komitees vir navorsing op diere, die omgewing en besigheid 'n noodsaaklikheid. Verskeie motiverings bestaan hiervoor. White (2003:468) skryf dat die problem met diere nie net die buitengewone groot getalle diere wat geteel word vir die slagpale is nie, maar ook die voeding wat die diere ontvang om hulle vinniger gereed te kry vir die mark en die eksperimente wat op diere uitgeoefen word. White (2003:512-513) sê dat omgewingsbesoedeling, suurreën en die beskadigde osoonlaag maar enkele voorbeelde is van omgewingsprobleme. Die vraag wat dus opkom

is: in hoe verre is navorsers sensitief vir die omgewing wanneer hulle navorsing doen? Crane en Matten (2004) wys op die etiese implikasies in ’n wye reeks besigheidshandelinge wat etiek onontbeerlik maak. Voorbeelde waarna verwys kan word is hoe om volhoubaarheid te verseker, die rol van besigheid as “korporatiewe burger”, die nakom van beleid en prosedure, globalisering, fluitjieblaas, ens. Hierdie is maar enkele voorbeelde wat etiese riglyne noodsaak in die doen van besigheid.

Die argument is dat geen navorser sonder behoorlik gedefinieerde riglyne vir navorsing kan funksioneer nie. Hierby kan deursnee-aktiwiteite soos plagiaat, toestemming by die opname van vraelyste, die professionele kontak tussen navorser en objekte van/vir navorsing, ens. gevoeg word. Die slotsom waartoe dan gekom kan word, is dat *etiese gedrag in navorsing nie ’n luukse is nie, maar ’n noodsaaklikheid*.

’n Bewustheid vir etiek in navorsing word deur verskeie nuwe ontwikkelings gestimuleer: noemenswaardig is die volgende redes wat tot hierdie bewustheid bydra:

- die ekonomiese waarde van kennis;
- nuwe ontwikkelinge in die biotegnologie;
- intellektuele eiendom; en
- beroeps-professionele standaarde

Die rol van etiek in hierdie vier ontwikkelings kan kortliks soos volg verduidelik word:

*Die ekonomiese waarde van kennis*: In ’n kennisekonomie het kennis finansiële waarde. As verhandelbare kommoditeit het kennis met ’n strategiese voordeel ’n finansiële voorsprong. Van Vught en Goedegebuure (2000:13) sê tereg hiervan dat navorsing nou “big business” geword het. Die verhandelbaarheid van kennis roep allerlei etiese vrae vanuit die besigheids- en omgewingsgetiek op. Kan kennis nie internasionale terrorisme bevorder net omdat kennis hoe om wapens van massa-vernietiging te maak, nou gekoop kan word nie? Kan ekosisteme nie vernietig word net omdat grootskaalse ontwikkelings in eksotiese bestemmings gedoen kan word nie? Moet geld geoormerk vir navorsing net spandeer word op navorsing wat meer geld kan genereer, of kan dit navorsing oor minder winsgewende onderwerpe ook kruissubsidieer?[1]

*Nuwe ontwikkelings in die biotegnologie:* Biotegnologie is die skep van nuwe sisteme en produkte deur die manipulasie van biologiese sisteme.

1 Sien hier die interessante gesprek onder redaksie van Pattyn en Van Overwalle (2006) oor wat die 'mark' vir universiteite is: net die skep van kennis ongeag die ekonomiese waarde daarvan of die voorkeur aan die kommersialisering van navorsing deur die skep van nuwe kennis?

Klonering as biotegnologiese tegniek het die vermoë om menswees te manipuleer. Remans (2005:88-89) verwys na twee revolusies binne die konteks van die biotegnologie. Die “eerste” revolusie is die uitdagings wat dit vir die mens se gesondheid en lewe inhou. Die “tweede” revolusie is die implikasies wat dit vir wetenskaplikes, sakepersone, politici, gesondheidswerkers, ens., het. Van Niekerk (2005:194-195) verwys met reg na die biotegnologiese revolusie as die revolusie met die grootste impak tot dusver op menselewens.

*Intellektuele eiendom:* Kennis het ook eiendomsreg verkry wat beskerm moet word. Die bekendste voorbeelde van die bedreiging van intellektuele eiendom in navorsing is plagiaat, industriële spioenasie en die skending van outeursreg. Omdat navorsing groot bedrae geld kan genereer, het die beskerming van dit wat kommersiële waarde het, krities belangrik geword.

*Beroeps-professionele standaarde:* Professionele etiek sluit veel meer in as net behoorlike kantoorgedrag of gedrag teenoor kliënte. Professionele etiek is ’n stel waardes wat die etiese gedrag van ’n bepaalde professie sal onderskryf. Voorbeelde uit die mediese, ingenieurs- en joernalistieke etiek herinner daaraan dat etiek nie net belangrik is om lewens te beskerm of veiligheid te verseker nie, maar ook die bestaanskwaliteit van ’n mens te verhoog. Remans (2005:91) sê dat lewensbegin en -einde bio-etiese kwessies aksentueer. Hier noem hy die voorbeelde van proefbuisbabas, klonering, eksperimentering op embrio’s, genetika, palliatiewe sorg en genadedood. Hoewel almal verhoogde lewenskwaliteit begeer, is die werklikheid dat lewe ook bedreig kan word. Harris, Pritchard en Rabins (2005:11) noem byvoorbeeld dat ’n ingenieur se persoonlike en/of professionele etiese waardes hom/haar kan verhinder om deel te wees van ’n projek wat nie aan die vereistes van volhoubaarheid voldoen nie. Tanner, Phillips, Smyth en Tapsall (2005:xiii) noem dat beriggewing so kru kan word dat ten spyte van die sug na objektiewe beriggewing, die norme vir welvoeglikheid maklik oortree kan word. Hulle voorbeeld is beeldend hiervan: “Why is it that their language has become graphic and intensely personal, describing not only the presence of body parts, but also the smell of rotting flesh …” Hierdie drie beginsels, naamlik die *beskerming van lewe, die handhawing van veiligheid* en die *verbetering van bestaanskwaliteit* (materieël en geestelik) kan ook na die professionele kode vir navorsers terugherlei word.

Onderliggend aan al híérdie en meer stimuli vir etiek in navorsing, is Roberts (2006b:22) se opmerking dat *konflik van belange* ’n groeiende etiese uitdaging in navorsing is, wanneer hy sê:

> Conflict of interest is an especially important area of research ethics for universities looking to secure new revenue streams through external collaborations and industry partnerships. Without clear ethics policies in this area, universities may be more vulnerable and partnerships less stable.

Die afleiding is voldoende: Etiek in navorsing kan dus nie verskraal word tot 'n *bykomstigheid* in navorsing nie. Neem die volgende twee voorbeelde om die wydlopendheid van etiek in navorsing aan te dui:

Die hipotese bestaan dat sportafrigters dikwels die grens van professionaliteit oorskry as dit kom by die verhouding tussen hulle en die sportman/-vrou (sien Verbeylen, 2006). Etiek *in* navorsing sal byvoorbeeld ondersoek instel na watter etiese riglyne daar bestaan vir die uitvoer van hierdie ondersoek, byvoorbeeld, word die anonimiteit van die sportafrigter en die sportman/-vrou gewaarborg? Wat is die norme vir professionaliteit? Word die ondersoek gedoen om die professionaliteit van sportafrigting te verhoog, of ter wille van media-sensasie? Die navorser in sportwetenskap sal bepaal of die grens van etiese welvoeglikheid oorskry is of nie.

Die biologiese manipulering van voedsel is voortdurend onder bespreking. Etiek *in* navorsing sal die riglyne vir biologiese manipulering kan formuleer terwyl die landbouetiek kriteria sal bepaal of sodanige voedsel eties wenslik is of nie. Besigheidsetiek sal die invloed van biologies-gemanipuleerde kos op bestaande voedselbedrywe kan bepaal (sien Baltesen, 2006).

Dillemans (2006) sluit by al hierdie argumente aan deur te skryf dat binne die nuwe kennisekonomie, navorsing en die skep van nuwe kennis nie sonder 'n etiese begronding kan gaan nie.

Die vraag is nou hoe etiek binne 'n konseptuele model vir gebruik in navorsing geïntegreer kan word?

## 2. Doel en oogmerk van artikel

Die stimulering van etiek in navorsing vind sy oorsprong in die nuwe belangstelling wat universiteite ten opsigte van navorsing ontwikkel. Verskeie redes bestaan hiervoor: Binne die nuwe subsidie-model kan navorsing verhoogde subsidie genereer, indien daar 'n produktiewe navorsingsuitset is. Navorsing is 'n strategiese posisioneringsmeganisme ten opsigte van samewerkingsooreenkomste en studentewerwing. Navorsing is 'n bemarkingsmeganisme vir die beeld van 'n universiteit. Verder kan navorsing 'n universiteit nasionaal en internasionaal mededingend maak (sien Kerr, 1995). Omdat navorsing mens, dier, omgewing, instituut en besigheid betrek, is dit gebiedend noodsaaklik dat vir navorsing 'n eties geformuleerde beleid bestaan (sien Heyns, 1986:301). Remans (2005:71) maak verder die opmerking dat die navorser ook na die gevolge en impak van navorsing op die samelewing moet vra. Omdat navorsing só wydlopend is, is dit 'n noodwendigheid dat 'n omvattende navorsingraamwerk vasgestel is, wat sowel die navorser as die navorsingsonderwerp en -voorwerpe betrek.

- Die hipotese is egter dat navorsing aan universiteite dikwels gedoen word *sonder* 'n goed gedefinieerde etiese model vir navorsing (uitge-

sonderd mediese navorsing) en as dit wel bestaan (ingesluit mediese navorsing) dan is die paradigma van waaruit dit gedefinieer word nie duidelik nie.

- 'n Verdere hipotese is dat dit 'n "*potjiekos*"-model is, waarmee bedoel word dat dit 'n model is wat saamgevoeg word uit verskillende standpunte en oortuigings en dat dit nie binne 'n gekose paradigma gefundeer word nie. Onderliggend hieraan is enersyds hoe oor etiek gedink word en andersyds die afwesigheid van 'n etiese denkmodel.

Hierdie artikel wil 'n raamwerk vir waardegedrewe navorsing formuleer. Die vertrekpunt wat geneem word, is 'n *reformatoriese etiese oriëntering.* Hierdie studie fokus dus op die rol van etiek *in* navorsing en die etiese probleme wat *deur* navorsing aangespreek word.

## 3. Metodologie

Hierdie studie vertrek vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering en betrek 'n literatuurondersoek. In die formulering van 'n etiese denkmodel vanuit die bibliografiese metode word Mouton (1996) se standpunt onderskryf dat die klem eerder op *interpretasie* as die *mededeling* van standpunte moet val. Verder word drie kerneienskappe van navorsing betrek, wat die volgende behels:

- bepaling van die omvang van die studie;
- die kritiese omgang met die studie; en
- die refleksie op die konteks van die studie.

## 4. Konseptualisering

Die konseptualisering word ontleen aan die reformatoriese filosofie wat die etiek definieer as die studie van morele liefde (sien Strauss, 1969:60,79-82). Hierdie morele liefde vir die self, die naaste, die natuur, die kultuur en die struktuur word deur beginsels en norme gedefinieer wat die keuse tussen dit wat reg en verkeerd, goed en sleg is, bepaal (Robbins *et al.,* 2003: 533, 538). Morele liefde noodsaak 'n mens om verantwoordelik op te tree teenoor jouself, ander mense, die natuur, die kultuur en die struktuur. Hierdie lewe veronderstel dat *keuses* tussen reg en verkeerd, goed en sleg gemaak moet word. Dit verbaas dus nie dat etiek dikwels as die keuse tussen reg en verkeerd, goed en sleg verduidelik word nie (Velema, 1990:13; Douma, 1983:10, 11; Mautner, 1997:180). Mense se keuse vir bepaalde etiese beginsels word deur sosiale gebruike, godsdiens, kultuur, lewensbeskouing, vooroordele, ens. beïnvloed (Grace & Cohen, 1996; Badaracco, 1998). Geen etiek is dus *waardevry* nie. Hierdie waardes word deur die etos beïnvloed. Etos verwys na dit wat op die religieuse hart van die mens appelleer en die motief waarom iets gedoen word (sien Smit, 1985:35). Dit bevestig die punt dat geen etiek waardevry kan wees nie.


Twee kernbegrippe in die definiëring van etiek val op. Etiek is ’n normatiewe *keuse* en ’n *handeling* (uitvoering van die normatiewe keuse). Douma (1983) se verwysing na etiek as *verantwoordelike handelinge* en Fisher (2002) se neem van *verantwoordelike besluite* (“responsible choices”) verwoord die besluitnemende en handelende karakter van die etiek. *Besluite word geneem om normatief te kan optree.*

Vir die doeleindes van hierdie studie word etiek beskryf as *normatiewe handelinge wat deur normatiewe keuses morele liefde moet vergestalt*.

Toegepas op die onderwerp onder bespreking, beteken dit dat etiek in navorsing morele liefde moet vergestalt.

## 5. Raamwerk vir waardegedrewe navorsing

Vir die beoefening van waardegedrewe navorsing word ’n vier-stap konseptuele raamwerk voorgestel wat opmekaar bou. Hierdie model is gebaseer op die normatiewe keuses en handeling wat morele liefde moet vergestalt. Die vier stappe behels:




Met hierdie raamwerk word bedoel dat vanuit die gekose <etiese raamwerk/paradigma> word oorbeweeg na die <konteks> wat op grond van die etiese raamwerk/paradigma die situasie <eties analiseer en beoordeel>. Die raamwerk word voltooi met die evaluering van die <uitkoms en impak> van die besluit. Elke stap het dus ’n bepaalde betekenis:

**Etiese denkraamwerk / paradigma:** Wat is die etiese paradigmas wat die navorser se denke beïnvloed? 'n Wye reeks paradigmas beïnvloed die navorser. Hieronder tel deugde etiek, pligetiek, waarde-etiek, 'n egoïsme etiek, kulturele relatisvisme etiek, ens. Die paradigma bepaal die modus van optrede. Burggraeve (2006) merk op dat optrede (behaviourism) 'n fundamentele vertrekpunt vir die etiek is. Hiervan sê hy: "A behaviour is, indeed, always a certain way of speaking out and expressing one's relation towards human desire. What do we want to put forth and express for ourselves and others by this lifestyle? What are we moved by, urged by? What do we want to accomplish by it, i.e. an expression of our striving for identity?"

**Konteks:** Hoewel elke situasie uniek is, bestaan daar tog ooreenkomste met ander situasies. Elke situasie het dus 'n *individuele* (net op hierdie situasie van toepassing) en *korporatiewe* konteks (op soortgelyke kontekste van toepassing). 'n Kontekstueel-genormeerde beoordeling is belangrik. Geen konteks kan vry van norme wees nie. Die vraag wat voortdurend gevra moet word, is "Wat is die norme vir hierdie situasie?" Hierdie norme moet teen die dekor van beginsels vir 'n bepaalde situasie verreken word.

**Uitkoms en impak**: Wat is die uitkoms van die besluit en die impak daarvan? Die uitkoms en impak het ’n voordeel: dit voorkom dat onetiese gedrag deel van ’n projek is. Hier kan by die gedagte van Harris *et al* (2005:16) aangesluit word naamlik dat etiek voorkomend kan wees. Die analogie van “voorkomende etiek” hou verband met “voorkomende medisyne.” Hulle sê dat “By attending carefully to our health needs before we become seriously ill, we may prevent such illnesses from occurring. Similarly, by anticipating the sorts of ethical problems that could become ethical crises if left unattended, we may prevent such crises from occurring.”

**Etiese analise en beoordeling**: Hoe word die situasie geanaliseer en eties beoordeel aan die hand van die gekose paradigma en metodiek? Die paradigma waarvoor gekies is, sal die analise en beoordeling bepaal. As ’n Bybels-gefundeerde etiek gekies word, sal die klem wees op watter riglyne die Bybel vir ’n bepaalde situasie aanbied. ’n Geluksetiek sal vra watter besluit sal die grootste geluk beteken vir die meeste mense. ’n Dekalogiese benadering sal teen aborsie en genadedood op aanvraag kies. ’n Pligetiek kan óf ’n vrou moreel verplig om met ’n swangerskap vol te hou óf kan haar die keuse laat om te besluit of met die swangerskap volgehou moet word.

Toegepas op die twee aksente van normatiewe keuse en handeling wat morele liefde moet vergestalt, kan die volgende opgemerk word:

**Etiese denkraamwerk / paradigma:** Elke etiese paradigma berus op ’n norm. Maar nie alle norme kan deur ’n reformatoriese raamwerk geakkommodeer word nie. Voorbeelde: Eksperimentering op geaborteerde fetusse [eties geregverdig deur mediese indikasies (sien Lategan, 2006)] kan moreel geregverdig word indien die doel is om byvoorbeeld die genetika te verbeter maar dit

**Konteks:** Die Reformatoriese etiek sal die konteks beoordeel vanuit die norme van hierdie etiek. Neem navorsing op diere as voorbeeld. Die reformatoriese etiek sal mens en dier nie gelyk stel nie, maar sal ook nie die mishandeling van diere in die navorsingsproses kan goedpraat nie. Die onderskeid moet gemaak word tussen wat ’n mens dink belangrik vir ’n dier is en dit wat

word bevraagteken om fetusse “te kweek” net ter wille van die eksperiment.

van belang vir ’n dier is (Vanclooster, 2006). Navorsing op diere vir die toets van byvoorbeeld menslike gebruik sal deur die reformatoriese etiek aanvaarbaar gevind word op voorwaarde dat diere nie in die proses mishandel word nie.

**Uitkoms en impak:** ’n Reformatoriese etiek sal altyd moet vra wat die etiese invloed van navorsing op die mens en sy omgewing sal wees. Vigsnavorsing om ’n kuur hiervoor te vind, maar wat nie ’n verskil aan ’n seksuele leefstyl maak nie, sal ook nie aanvaarvaar kan wees nie.

**Etiese analise en beoordeling:**
’n Kontekstuele hermeneutiek sal vanuit ’n geloofs- en Bybelse perspektief die situasie beoordeel. ’n reformatoriese etiek sal navorsing op moderne oorlogstoerusting beoordeel vanuit die swaardmag van die staat (Romeine 13) maar sal die navorsing ter wille van ekonomiese en tegnologiese redes nie kondoneer nie.

Die betekenis van hierdie model vir waardegedrewe navorsing kan aan die hand van *genadedood* as ’n voorbeeld uit basiese navorsing verduidelik word. Vir die doeleindes van hierdie studie, word *aktiewe genadedood* verstaan as die pynlose beëindiging van ’n lewe wat geag word nie meer die moeite werd te wees nie (dikwels op versoek van die persoon self) en *passiewe genadedood* as die onttrekking van alle behandeling en


lewensondersteunende apparaat aan mense wie se lewe geen hoop op sinvolle verbetering en herstel het nie (sien Remans, 2005:245-246; De Villiers, 2002:36; Lategan, 1990:7)

**Etiese denkraamwerk / paradigma:** 'n Bybels-gefundeerde etiek sal op die sesde gebod steun (Eksodus 20:13). Hiervolgens is lewe kosbaar en heilig. Dit beteken nie dat lewe verabsoluteer moet word nie. Lyding het sin en 'n plek in die etiek maar die verheerliking van lyding kan nooit 'n Bybelse bedoeling wees nie. Die twee etiese begrippe waarmee dus gewerk word, is die heiligheid van die lewe en die sinvolheid van lyding (sien Lategan, 1990; De Villiers, 2002; Remans, 2005; Louw, 1994).

**Konteks:** Na 'n motorkaping is 'n man onomkeerbaar komatieus en geen breinaktiwiteite kan gemeet word nie.

**Uitkoms en impak:** Navorsing rondom lewenseinde kan nie Bybelse beginsels vir lewe ignoreer nie. Navorsing kan juis die feit bewys dat die aftakeling van lewe en die af-

**Etiese analise en beoordeling:**
In die etiese uitsprake oor genadedood en navorsing daarrondom sal *passiewe* genadedood eties regverdig kon


| | |
|---|---|
| takeling van gesondheid nie dieselfde is nie. As dit net gaan oor die mens se ideologiese gelukshorisonne, dan kan baie redes aangehaal word waarom 'n lewe beëindig moet word. Wie die heiligheid van die lewe as beginsel onderskryf, sal lewe hoër ag as die geluk van iemand.  | word. Dit sal verskil van 'n situasie waar 'n persoon 'n siekte het wat die persoon se gesondheid bedreig maar nie sy lewe nie. Aktiewe genadedood kan nie eties onderskryf word nie. Dieselfde geld vir die toepassing hiervan op demente bejaardes, anoreksialyers, depressie-lyers, gestremde minderjariges. 'n Geluksetiek sal hier verskil. Dit kan vir aktiewe genadedood begroot omdat die geluk van die persoon die leidinggewende norm is. 'n Saak waaroor besin moet word, is of die etiese beoordeling deur die regspraktyk beïnvloed word. Dit behoort nie die geval te wees nie omdat, al sou aktiewe genadedood gedekriminaliseer wees (soos byvoorbeeld in Nederland en België), hoef dit nie 'n mens se etiese afkeur van aktiewe genadedood te verander nie. |

Hierdie raamwerk [noem dit 'n *alpha (?) raamwerk*] sentreer rondom 'n kern etiese beginsel, naamlik *verantwoordelikheid* [noem dit 'n *beta (?) raamwerk*]. Valenkamp (2006) se standpunt is geldig as hy beweer dat nuwe tegnologiese ontwikkelings noodsaak dat weer na die toepaslikheid van bestaande etiese praktyke en gedragskodes gekyk moet word. Hy wys daarop dat die doel van die tegnologie is om deur middel van die tegniek, menslike welwese (*well-being*) te bevorder. Die etiese probleem is dat die tegnologie nie as verlosser beskou moet word nie. Die uitdaging word problematies omdat die tegnologiese vermoëns, etiese riglyne en ekonomiese impak moet balanseer. Hy stel 'n elf-stap prosedure voor vir die formalisering van etiese verantwoordelikheid. Hierdie stappe kan vir waardegedrewe etiek as volg aangepas en geartikuleer word om nie net op produkvervaardiging van toepassing te wees nie:

Stap 1: Voel 'n mens goed oor die skep van 'n produk en/of die keuse wat geneem is?

Stap 2: Hoekom voel 'n mens goed?
Stap 3: Bespreek die produk en/of keuse met ander mense.
Stap 4: Watter persoonlike en professionele waardes is ter sprake?
Stap 5: Wie is die verbruikers van die produk? Wat beoog hulle om hiermee te maak?
Wie word deur die besluit geraak? Hoe beïnvloed dit 'n bepaalde gemeenskap?
Stap 6: Watter moontlike etiese probleme bestaan daar vir die navorser en die gebruiker?
Stap 7: Bestaan daar 'n moontlike etiese konflik?
Stap 8: Wie besluit oor die vervaardiging van die produk en/of die keuse wat gemaak moet word?
Stap 9: Is daar alternatiewe? Is die produk en/of keuse werklik nodig?
Stap 10: As die antwoorde positief is, gaan voort met die ontwikkeling/vervaardiging daarvan en/of die uitvoering van die keuse.
Stap 11: Evaluering: Dien die produk en/of besluit die kwaliteit van lewe?

Binne die konteks van die voorgestelde raamwerk kan dit skematies so voorgestel word:




Die wigpunt van hierdie raamwerk is dat enige navorsingsprojek die waardegedrewenheid daarvan kan bepaal aan die hand van hierdie

vierledige raamwerk met verantwoordelikheid as die as waarom dit draai. Die validasievraag is of 'n navorsingsprojek nie andersins ook gedrewe kan wees nie. Wat maak hierdie model uniek? Die evaluering van die model is dat hierdie model die navorser nie net bewus maak van hoe byvoorbeeld gesindheid (etiese denkraamwerk/paradigma) die navorsing beïnvloed nie maar ook hoe dit die analise en beoordeling van die konteks sal bepaal. Geen navorsing kan afsydig teenoor die etiese impak en uitkoms van 'n projek staan nie. Die raamwerk wys dus nie net die waardegedrewenheid van die navorsing uit nie maar ook die tipe etiek (paradigmatiese vertrekpunt) onderliggend aan die navorsingsprojek.

## 6. Voorgestelde riglyne

Die volgende konseptuele notas kan teen die agtergrond van bogenoemde raamwerk gemaak word:
Hierdie raamwerk strek veel wyer as net 'n etiese gedragskode of wysgerige of teologiese perspektiewe. Dit is 'n aktiewe raamwerk wat gesindheid, daad en gevolg verreken. Etiek-opvoeding behoort deel van enige navorsingsopleiding te wees.

- Etiek *in* navorsing moet nie verwar word met navorsing *oor* etiek nie. Dit behoort verder onderskei te word van *moraliteit* in navorsing. Etiek is nie gedrag nie; nog minder voldoening of betrokkenheid, hoewel gedrag, voldoening en betrokkenheid almal 'n etiese kant het.
- Die nakoming van etiese norme in navorsing is 'n institusionele verantwoordelikheid en nie die taak van die etiekkomitee nie. In die uitvoering van die navorsing behoort 'n risikoanalise gedoen te word waarby die etiek inbegrepe is. Omdat navorsing 'n publieke aangeleentheid is, word publieke integriteit en verantwoording vereis.
- Geen etiek kan werk met die doel wat die middele heilig nie. Gesofistikeerde kennis en tegnologiese vermoëns moet met etiese beginsels gebalanseer word.
- Waardegedrewe navorsing is nie iemand anders se verantwoordelikheid nie, maar die verantwoordelikheid van die navorser self. Die spreekwoordelike "buck stops with me" is hier van toepassing.

## 7. Samevatting

In hierdie artikel is die argument dat waardegedrewe navorsing nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid is, beredeneer. 'n Vierstap-raamwerk is voorgestel om die navorsing (hetsy teoreties en/of prakties) te begelei in die uitvoering van waardegedrewe navorsing. Hierdie raamwerk vertrek vanuit die standpunt dat elke etiese beoordeling vanuit 'n bepaalde paradigma/raamwerk plaasvind. Vanuit hierdie paradigma/raamwerk word die konteks geanaliseer en beoordeel. Geen waardegedrewe navorsing kan

gedoen word sonder dat die uitkoms en die uitwerking van die etiek ter sprake nie verreken is nie.

## Bibliografie


BALTESEN, F. 2006. De angst voor de biologische supermarket. *NRC Handelsblad.* 15/16 April: 21.

BADARACCO, J.L. 1998. *Business ethics: roles and responsibilities.* New York: McGraw-Hill Companies.

BURGGRAEVE, R. 2000. *Ethiek en passie. Over de radicaliteit van christelijk engagement.* Tielt: Lannoo.

BURGGRAEVE, R. 2006. *Meaningful living and acting: an ethics of growth for educational and pastoral work.* Draft manuscript: Leuven: KUL.

CRANE, A. & MATTEN, D. 2004. *Business ethics.* New York: Oxford University Press.

DE VILLIERS, E. 2002. Euthanasia and assisted suicide: a Christian ethical perspective. *Acta Theologica Supplementum,* 3: 35-47.

DOUMA, J. 1983. *Verantwoord handelen.* Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

FISHER, J. E. 2002. The practice and purpose of teaching business ethics. In: Lategan, L.O.K. and Le Roux, P. (Eds). *Business Ethics.* Bloemfontein: Tekskor. 93-101.

GRACE, D. & COHEN, S. 1995. *Business ethics: Australian problems and cases.* Melbourne: Oxford University Press.

GOEDEGEBUURE, L. & VAN VUGHT, F. 2000. Monsters, markten en modialisering: uitdagingen voor de universiteit. In: Hopstaken, J. & De Haan, J (Reds.), *Gejaagd door de winst: Op weg naar marktgericht hogher onderwijs.* Amsterdam: Hogeschool voor Economische Studies Amsterdam. 5-20.

HARRIS, C.E., PRITCHARD, M.S. & RABINS, M.J. 2005. *Engineering Ethics: Concepts and Cases.* Belmont, CA.: Wadsworth.

HEYNS, J.A. 1986. *Teologiese Etiek 2/1.* Pretoria: NGKB.

KERR, C. 1996. *The uses of the university.* Massachusetts: Harvard University Press.

KUMAR, R. 2005. *Research methodology*: *A step-by-step guide for beginners*. London: SAGE Publications.

LATEGAN, L.O.K. 1990. *Genadedood óf dood sonder genade?* Bloemfontein: VCHO.

LATEGAN, L.O.K. 2006. Kommentaar op die verskuiwing in moraal in die hersiene wetsontwerpe oor die vrywillige beïndiging van 'n swangerskap. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 42(4).

LE VOI, M. 2002. Responsibilities, rights and ethics. In: Potter, S. (Ed.). *Doing Postgraduate Research.* London: SAGE Publications. 153-163.

LUES, L. & LATEGAN, L.O.K. 2006. *Re: Search ABC*. Stellenbosch: Sun Press.

LOUW, D.J. 1994. *Illness as crisis and challenge: Guidelines for pastoral care.* Halfway House: Orion Publications.

MAUTNER, T. 1997. *Dictionary of Philosophy.* London: Penguin.

MOUTON, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

MOUTON, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

PATTYN, B. & VAN OVERWALLE, G. (Reds). 2006. *Tussen markt en Agora: Over het statuut van universitaire kennis.* Leuven: Peeters.

REMANS, J. 2005. *De boom van goed en kwaad: Over bio-etiek, biotechniek, biopolitiek.* Leuven: Acco.

ROBBINS, S.P., BERGMAN, R., STAGG, I. & COULTER, M. 2003. *Foundations of Management.* French's Forest: Pearson Education Australia.

ROBERTS, L. 2006a. Mapping research ethics: Global trends and African opportunities. *Research Global*. October 2006: Issue 14.

ROBERTS, L. 2006b.Counting on ethics. *Research Africa.* 24 October: 22.

SMIT, J.H. 1985. *Etos en Etiek.* Bloemfontein: Patmos.

STRAUSS, D.F.M. 1969. *Wysbegeerte en vakwetenskap.* Bloemfontein: Sacum
STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human professions. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., (Reds), *Research at grass roots.* 56-70.
TANNER, S., PHILIPS, G., SMYTH, C. & TAPSALL, S. 2005. *Journalism ethics at work.* French's Forest: Pearson Education Australia.
VALENKAMP, M. 2006. Technology asks for ethics. Thoughts about professional ethics for technicians in a world of modern technical innovations. Presentation at the Central University of Technolgy, Free State. July, 23.
VANCLOOSTER, B. 2006. Voedsel is immoreel goedkoop geworden. *KU Leuven Campuskrant,* Maart, 22: 13.
VAN NIEKERK, A.A. 2006. *Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges.* Wellington: Lux Verbi B.M.
VELEMA, W.H. 1990. *Oriëntatie in de Christelijke ethiek.* 's-Gravenshage: Boekencentrum.
VERBEYLEN, W. 2006. Seksueel misbruik in de sport is verre van uitzonderlijk. *KU Leuven Campuskrant.* Maart 22: 1,4.
WHITE, J.E. 2003. *Contemporary moral problems.* Belmont, CA.: Wadsworth.